# Die Psigologie en Maatskaplike Afwykinge

## REDE

BY DIE AANVAARDING VAN DIE PROFESSORAAT IN PSIGO- EN SOSIALE PALOLOGIE OP 22 SEPTEMBER, 1937.

DEUR

W. A. WILLEMSE, M.A. (S.A.), Ph.D. (Pretoria),
D.Phil (Bonn.)

AD DESTINATUM PERSEQUOR

PRETORIA
1937.

Wallachs', Pta.—4480

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT
VAN PRETORIA.

*Reeks IV.: Intreeredes, No. 11.*

# Die Psigologie en Maatskaplike Afwykinge

# REDE

BY DIE AANVAARDING VAN DIE PROFESSORAAT
IN PSIGO- EN SOSIALE PALOLOGIE OP
22 SEPTEMBER, 1937.

DEUR

W. A. WILLEMSE, M.A. (S.A.), Ph.D. (Pretoria),
D.Phil (Bonn.)

PRETORIA
1937.

Meneer die Rektor, kollegas, dames en here!

Gedurende en sedert die Wêreldoorlog het die eksistensievraag van Hamlet „to be or not to be" vir die mensdom steeds meer aktueel geword. Militêre bedreiginge, sosiale krisisse en intellektuele oorproduksie verskerp ons bewustheid van die stryd om die bestaan en konsekwent begin ons te vra waarin die lewenswaarde van hierdie en van daardie geleë is; watter sin of betekenis dit vir die begryp van en aanpassing aan die eise van die lewe het. Selfs die wetenskappe ontkom nie meer aan hierdie onverbiddellike rentmeesterskap nie; ook hulle moet lewenswaarde hê om nie in die groot stryd onder te gaan nie. Met die lewenswaarde van 'n wetenskap word natuurlik nie enkel sy praktiese nuttigheid bedoel nie; Daar is nog 'n ander belangrike lewenswaarde, n.l. die wetenskap se wesenlike bydrae tot ons wêreldbeskouing, — ons houding teenoor die sin van alles wat is. Deur die eeue heen was dit al so; die teorieë en wetenskappe wat nie ons wêreldbegrip verdiep of ons in ons daelikse aanpassinge help nie, raak langsamerhand vergete en verlore.

As ons nou hierdie maatstaf van lewenswaarde aanlê aan die psigologiese teorieë, kry ons interessante resultate. Ek het die Europese en Amerikaanse psigologiese werke van die laaste 50 jaar deurwandel en daarin 23 groot teorieë gevind wat myns insiens die toets van die tyd 'n rukkie sal kan deurstaan. Sommige van hulle is nog in die smeltkroes en volgens verskillende standpunte sou die aantal dus meer of minder kon wees. Ek het egter die vrymoedigheid om die volgende op te noem:

1. Die assosiasiewette van Aristoteles.
2. Die voorstellingstipes van Galton.
3. Die Drie-dimensionele gevoelsteorie van Wundt.
4. Die intelligensie-ouderdom van Binet.
5. James-Lange se gevoelsteorie.

6. Die instinkte- en sentimenteleer van McDougall.
7., 8. Die donkerbewuste motiewe en die ego-ontwikkeling van Freud.
9. Pawlow se gekondisioneerde reflekse.
10. Die introversie-ekstraversie van Jung.
11. Adler se leer van die minderwaardigheidsgevoel.
12. Die algemene faktor- en spesifieke faktore-teorie van Spearman.
13. Die „Gestalt"-teorie van Köhler-Wertheimer.
14. Die primêre en sekondêre funksie van Heymans-Wiersma,
15. Störring se leer van die „Einstellung."
16. Die doolhofproewe en motoriese denke van Thorndike, Yerkes, Washburn.
17. Die denkpsigologie van die „Würzburg Schule."
18. Kretschmer se tipes.
19. Die onderskeiding tussen erotiek en seksualiteit deur Spranger.
20. Lange se „identiese tweelinge"-ondersoek.
21. Die integrasie-tipes van Jaensch.
22. Die ontwikkelingsfases van Charlotte Bühler.
23. Karl Groos se Spelteorie.

By 'n noukeurige analise van hierdie teorieë blyk egter dat slegs omtrent die helfte deur beroepsielkundiges uitgewerk is en 'n derde is werklik deur sielkundiges ontdek. Daarby kom nog dat verskeie van die teorieë deur sielkundiges opgestel, soos die teorieë van Wundt en die denkteorie van Selz, gevaar loop om uit sterwe, of hulle word heeltemal vernieu en onherkenbaar verander, soos die James-Lange-teorie deur die fisioloog Cannon omgewerk is. Klaarblyklik beoefen dus die akademiese psigologieë nie die volle omvang van die menslike geestesondersoek nie. Inteendeel, die opvoedkunde, die sosiologie en die psigopatologie openbaar in die laaste tyd nie alleen kragtige lewe wat betref hulle eie aandeel aan die ondersoek van die mens nie, maar hierdie wetenskappe doen ook lewenswaardige bydraes tot die algemene psigologie. Die teo-

rieë wat eintlik die wêreld se gedagtes bevrug, is grotendeels afkomstig van nie-sielkundiges. In 'n sekere sin skyn daar gevaar te bestaan dat verwante wetenskappe elkeen 'n stuk van die psigologie sal waarneem en inpalm totdat die oorspronklike vak met die opstal bly sit sonder die plaas.

Laat ons korteliks die historiese en praktiese oorsake hiervan nagaan en tewens aanwys hoe die psigologie probeer om staande te bly. Daarby aansluitende sal ek dan my eie rigting in die sosiale psigologie en psigopatologie kan verduidelik.

In die tweede helfte van die 19e eeu het die psigologie die natuurwetenskappe en by name die fisiologie nageboots. Soos in die fisiologie word laboratoriums aangeskaf en eksperimente met of sonder imponerende apparate vind plaas. Fechner doen b.v. 143,872 proewe net om te sien hoe die drukgewaarwording in sterkte toe- of afneem met die verandering van gewigte wat as prikkels dien. Ongelukkig is die beroemde wet wat hy toe ontdek het, glad nie 'n psigologiese wet nie want dit geld vir alle diere en selfs plante, — dus 'n biofisiologiese wet wat met meer gemak op die laere diere vasgestel kon word. Die meeste van hierdie soort bevindinge was waardeloos en nie lewensvatbaar nie, maar desnietemin het hierdie periode 'n blywende indruk op die psigologie gemaak. Van toe af is dit eksperimenteel en dit ondersoek graag die kort laboratoriumprosesse en hulle onmiddellike vasstelbare oorsake. Die dieperliggende motiewe en houdinge wat al van die kinderdae af in die persoonlikheidsproses wortel, ontgaan die eksperimenteerder. Prosesse soos die sien van 'n nabeeld nadat die oë strak op 'n kleur gevestig was, of die invloed van rusperiodes op die leer van versies, is kort genoeg om te ondersoek; maar 'n langproses soos die psigiese verwerking van die verlies van 'n ouer en weeskind-wees, — daarvan hou die psigologie baie minder. Ook die toestande wat moeilik in 'n laboratorium onder die oë van 'n professor kan plaasvind, soos ons nagtelike slaap, geniet nie genoeg aandag nie. Miskien is dit daarom dat daar geen behoorlike studie gemaak is van die slaapinstink, — hoe dit aan gewoontevorming onderhewig is, wat dit bevorder en belemmer, ens.

Dit is merkwaardig dat die psigologie wat in sy metodes die fisiologie nageboots het, dit nie konsekwent nagevolg het nie, b.v. in sy verhouding tot die afwykingsverskynsels. Fisio-

logie is vandag in die eerste plek 'n hulpwetenskap vir die gesondheidsleer en die medisyne. Die psigologie daarinteen het deurgaans weinig aandag gewy aan die geestelike afwykinge. Sou Binet ooit sy beroemde intelligensietoetse opgestel het, as hy nie daartoe geroep geword is deur die Franse minister Bourgeoise?

Die vraag waarom die eksperimentele psigologie hierdie belangrike taak so lank verwaarloos het, bring ons by die tweede historiese kenmerk van die psigologie. Sy probleemstellinge was van die begin af grotendeels filisofies, en sy eerste en invloedrykste beoefenaars verklede filosowe. Boonop was die filosofie destyds hoofsaaklik geïnteresseerd in kennisteoretiese vraagstukke: Hulle wou weet wat die verhouding is tussen prikkelsterkte en gewaarwordingsterkte, wat die waarneming is, hoe 'n mens 'n voorstelling kon hê van 'n driehoek wat tegelykertyd skerphoekig, stomphoekig en reghoekig is, waaruit die wilsproses bestaan, waarop die geldigheidsbewussyn in die oordeelsproses berus, ens. Die helfte van hulle, soos Mach wat deur Störring nog in 1922 aangehang word, was nie heeltemal seker of die buitewêreld en die „Ding-an-sich" werklik bestaan nie.

Die Amerikaners het so 'n afkeer gekry van hierdie filosofiese en introspektiewe wyse van ondersoek, dat 'n groep van hulle alles oor boord gegooi en van vooraf begin het met die „Behaviorism." Dit sou slegs uitwendige en fisiologiese reaksies waarneem en die bewussyn heeltemal links laat. Hoewel daar waardevolle ontdekkinge gedoen is oor hoe die mens hom aanpas deur bewuste of blinde aanleer (kondisionering), is die resultaat van hierdie rigting dat die witrot vandag beter bestudeer en verklaar is as die mens.

Om op die bewussynspsigologie terug te kom. Hulle filosofiese probleme, soos die geldigheidsbewussyn, is deur filosowe (Nicolai Hartman, Scheler, ens.) net so goed opgelos as deur die psigoloë; en waar die psigologie nog hulp kan bied, soos in die motoriese oorsprong van die denkwette, wil die filosofie dit nie aanhoor nie Die ergste is nog dat 'n filosoof gesê het „Psychology is a fool in philosopher's garb,"— voorwaar 'n ondankbare taak is dit wat die psigologie as dienaar van die filosofie op hom wou neem.

Intussen het die filosofie self daardie bewussyns- en kennisteoretiese probleme ontgroei om meer aandag te skenk aan die kultuur- en die waardefilosofie. In die 20e eeu is inderdaad die onpersoonlike kennisverhouding tussen die mens en die kosmos nie meer 'n wesenlike vraagstuk nie, want waar ons nog met die absolute of die Heelal te doen kry, neem dit 'n emosioneel-persoonlike vorm aan. Die sentrale vraagstuk van ons tyd is die verhouding individu-gemeenskap. Dit beroer die wêreld; op alle terreine aanskou ons die worsteling met die dilemma individu-gesin, individu-staat, individu-wêreldburgerskap. In sy persoonlikheidsproses moet die mens hom inlewe of leer aanpas by al die verbande en al is die fisiese eienskappe van dinge ook belangrik, die mens se eerste en persoonlikste aanpassinge is by menslike verhoudinge of by voorwerpe wat vermenslik is. Sy spel, sy werk, sy liefdeslewe is nie in die eerste plaas behoeftebevredinge nie maar aanpassing by ander mense, hulle werk en hulle spel. By hierdie inlewensproses het sowel die individu as die sosiale omgewing hulle inherente eise maar ook hulle toegewinge, sodat 'n gekompliseerde wisselwerking en verwerking plaasvind.

In die probleem van hierdie aanpassingsprosesse moes die psigologie 'n groot taak vervul het. Heymans spreek in sy rektorale rede van 1909 selfs die geloof uit dat die 20e eeu, met die mens as middelpunt, die eeu van die psigologiese wetenskappe sou word. Maar sy profesieë skyn nie in vervulling te tree nie. Die eeu is al amper half om en nog is nie veel bereik nie. In die moederland van die eksperimentele psigologie staan die vak nie hoog aangeskrewe nie en etlike leerstoele daarin is in die laaste tyd deur kultuurfilosowe beset. Deurgaans vervul die vakpsigologie nie 'n groot taak in die lewe nie. Waar 'n deeglike kennis van die liggaam en sy werkinge, n.l., anatomie en fisiologie, 'n absolute vereiste is in die medisyne, daar word psigologie feitlik nêrens verpligtend gemaak nie. Toekomstige psigiaters en senu-artse hoef nie kennis te maak met die eksperimentele psigologie nie. In etnologiese en sosiologiese ondersoek sowel as in die maatskaplike werk, paedogogiek en evangeliebediening word die kennis van eksperimentele of algemene psigologie deur baie as onbelangrik geag.

As ek hom goed begryp is prof. Skawran se sienswyse

dat dit te wyte is aan die klem wat die psigologie lê op die algemeen-menslike i.p.v. op die tipiese verskille. Hoewel ek sy argument waardeer, wil ek self die oorsaak daarin soek *dat die psigologie hom nie besonderlik toelê op die aanpassingsproses van die mens by sy menslike omgewing, en dat die psigologie derhalwe ook nie sy probleemstellinge in die sosiale wanaanpassinge gesoek het nie.*

Net soos 'n volk, kan ook 'n wetenskap sy geskiedenis nie ontsnap nie, en die geskiedenis van die psigologie gee hom die volgende kenmerke:—

(1) Die neiging om die mens hoofsaaklik as individu soos hy hom in 'n laboratorium voordoen, te bestudeer, en die natuurlik-sosiale omgewingsfaktore te verwaarloos.

(2) Klem word gelê op die fisiologiese of psigologiese oorsake wat onmiddellik vasstelbaar is en die donker of onderbewuste motiewe geniet te min aandag. Daarom ook speel verwerkingsprosesse of konfliktprosesse wat oor 'n lang termyn aanhou, nie die prominente rol wat hulle toekom nie.

(3) In sy probleemstellinge is die algemene psigologie nog teveel onder kennisteoretiese invloede. Daarom geniet die inlewingsproses van die individu ten opsigte van al die menslike stelsels te min aandag en daarom word sinlose brokdele soos voorstellinge, wilsaktes, gevoelstoestande en oordeelsprosesse sonder hulle aanpassingsverband bestudeer.

Onder die bestaande algemene psigologieë is die hormiese rigting van McDougall miskien die enigste wat die sinvolle doelgerigtheid en sosiale verband van al die psigiese beklemtoon, en wat die eenheid van strewing-verkenning-emosie-wilsakt-handeling bewaar. Daarom is dit ook die enigste algemene psigologie wat met sukses op die sosiale, kriminele en afwykende verskynsels toegepas kon word. Waarskynlik het McDougall tot sy vrugbare standpunt gekom omdat hy nie swaar onder eksperimente gely het nie maar diere en primitiewe volkere in hulle natuurlike lewensaanpassings en wanaanpassings kon bestudeer.

Die ander, veral die Duitse psigologieë, het self onvoldaan begin te voel oor die vrugteloosheid en onwerklikheid van hierdie wetenskap en reeds vanaf die begin van die eeu is hulle

besig om deur spesiale vertakkinge die gebied van verskillende fronte te benader. Sulke nuwe uitlopers is kindersielkunde, differensiële, sosiale en industriële sielkunde, — psigopatologie noem ek nie hierby omdat dit nie uit die vakpsigologie ontstaan het en ook meestal nie deur vakpsigoloë beoefen is nie. Die gevaar van hierdie spesiale uitlopers is dat tussen hulle misskien mettertyd geen essensiële verband meer mag bestaan nie, d.w.s. die verval van die algemeen menslike. Maar aan die anderkant is uit hierdie vertakkinge tog veel te verwag, mits hulle in die volle werklikheid van die maatskaplike lewe hulle probleme soek. In ons land het die spesiale psigologieë gelukkig 'n maatskaplike wending geneem soos blyk uit die werke in verband met armblankes, naturelle, jeugmisdaad, beroepsvoorligting, tweetaligheid, nasionale groepe, ens. Dit val egter buite die bestek van my rede om al die vertakkinge te bespreek, daarom moet ek volstaan met 'n paar opmerkinge oor die kinderpsigologie en die sosiale psigologie in soverre hulle die onderwerp maatskaplike aanpassinge raak.

Die ontwikkelingsfases en die intelligensieouderdomme, wat kinderpsigologiese vasstellinge is, behoort tot die lewenswaardige teorieë waarsonder ons nie meer kan klaarkom nie. In sommige opsigte, egter, toon die kinderpsigologie ook die neiging om die kind buite sy maatskaplike verband te bestudeer. Die psigopatoloë, Freud en Adler, moes ons kom leer hoe belangrik die gesinstoestande in die lewe van die kind is en vandag nog wy die kinderpsigologie meer aandag aan die fisiologiese groei en domestikasiesiektes as aan die opvoedende kragte van die ouers en die omgewing. Reinlikheidsgebode, wrywinge en jaloesië tussen kinders ondermekaar en die ouers, liggaamlike voorkoms en dergelike faktore, waarvan soveel in die kind se latere lewe afhang, geniet in die akademie weinig aandag. Dit is ook weer daaraan toe te skrywe dat die kinderpsigoloog, tensy hy 'n vrye skool het om met die aanpassingsmoeilikhede van baie kinders in aanraking te kom, nie die volle werklikheid te sien kry nie.

Die sosiale psigologie weer is in die moeilike omstandigheid dat dit slegs weinig gebruik kon maak van die laboratoriumpsigologiese bevindinge. Afgesien van toetse op groot skaal is eksperimente nagenoeg uitgesluit. Daarom is die sosiale psigologie aangewese op observasies in die beskaafde en

primitiewe lewe, en, soos die sosiologie, op sosiale statistiek. Die sosiologie en etnologie beskik reeds oor gegewens wat waardevol is vir die psigologie van godsdiensvorme, die gesinslewe, inisiasies, ontstamming, ens. Maar ook hier wil ek klem lê op die maatskaplike wanaanpassings waarin soms die beste aanduidinge lê. 'n Pertinente voorbeeld is die sosiologiese bevinding dat gevalle van selfmoord 'n hoogtepunt in die voorsomer bereik; maar wat meer eienaardig is, ook publieke oproer, aanrandinge en geslagoortredinge vertoon 'n hoogty in die voorsomer en 'n laagtepunt in die winter. Aschaffenburg, die kriminoloog, het dit opgemerk en verder vasgestel dat normale en onegte swangerskappe ook hulle veelvuldigste begin het in die voorsomer. Hy het die teorie geformuleer dat die mens ook jaarsiklusse deurloop en 'n algemene verhoogde emosionaliteit vertoon in die voorsomer na die kalmte van die winter. Volgens hom hang dit nie met lig en warmte saam nie, want dan sou die middel van die somer nie 'n daling aantoon nie, maar dit kan tog iets te doen hê met die oorgang van die winter na die somer. Dit sal u verbaas om te hoor dat hierdie gegewens waarvan die kriminologie so lank reeds weet, en die teorie van Aschaffenburg, reeds in 1912 opgestel, in die psigologie onbekend is, — omdat die psigologie teveel besig is met eksperimente en die statistiek van maatskaplike afwykings heeltemal links gelaat het.

Die sluitstuk van hierdie uiteensetting vorm die verband tussen die abnormale psigologie en die maatskaplike afwykingsverskynsels. Dit het u seker al opgeval dat ek gedurig praat van maatskaplike afwykinge of sosiale wanaanpassinge, maar dat ek die begrip geestelike afwykinge ontwyk. Met opset is hierdie begrippe nie deurmekaar gebesig tot ons nou die geleentheid vind om eers die samehang tussen die geestelike afwykinge en die maatskaplike afwykinge aan te toon. Laat my dit op konkrete wyse verduidelik.

In die Unie van Suid-Afrika is minder as een persent van die skoolkinders definitief swaksinnig, d.w.s. verstandelik so swak dat hulle nie sonder toesig in die maatskappy kan verkeer nie. Die merendeel beland dan ook vroeg of laat in die gestigte van die Departement van Geestelike Volksgesondheid en daar eindig die maatskaplike probleem. Maar in die Unie is daar ongeveer 9 maal soveel subnormale kinders, d.w.s. kin-

ders wat nie met sukses die primêre skool kan deurloop en tog ook nie so verstandswak is dat hulle onder die Wet op Geestelike Afwykinge val nie. Hierdie ligtere gevalle in die breë grensgebied tussen normaal en swaksinnig is maatskaplik die werklike probleem. My ondersoekinge in samewerking met Dr. M. L. Fick bewys dat hulle 'n aansienlike persentasie uitmaak van die verwaarloosde en misdadige jeugdiges. Ook onder die parasitêre armes, soos ons hulle vind in verwaarlosingsbuurte en op sommige nedersettings, is die persentasie subnormales byna dubbeld so groot as die gemiddelde vir die Unie. Vooraanstaande outoriteite is dit dus met my eens dat subnormaliteit in die eerste plaas 'n sosiale probleem is, veral in ons land met die naturellemededinging op die ongeskoolde arbeidsmark. Die definisie sowel van swaksinnigheid as van subnormaliteit lê dan ook klem op die sosiale onvolwaardigheid en nie op die graad van geestesafwyking nie.

Ook in die geestesafwykinge wat meer op die gevoels- en wilslewe betrekking het, soos die sielsiektes, psigopatieë en neuroses, moet ernstig rekening gehou word met sosiale wanaanpassinge. Laat ons toegee dat in die werklike kranksinnighede die siekteproses self allesbeheersend is. Maar hierdie hospitaalgevalle is uiters min in vergelyking met diegene wat op die grens bly steek of slegs in sekere opsigte nie normaal handel nie. Die ligtere toestande kom meestal nooit in aanraking met die psigiater nie, — hulle geestelike afwykinge tree te voorskyn in die vorm van liggaamlike kwale en hypochondrië, of wat meer gebeur, slegs hulle sosiale aanpassinge word belemmer. U is almal bekend met die kroniese rusiesoekers, met teatrale vertoonsugtiges, sensitiewe onaanraakbares, met klaerige klewerige remskoene, jaloesiebevange eggenotes, losbolle en rondlopers, ens. In die gesinslewe, in die politiek, in hulle beroep of kerklike verband, — in die een of ander sosiale aanpassing haak dit. Resente ondersoekinge het aangetoon dat selfs in die beroepslewe ontevredenheid en onvermoë meer dikwels veroorsaak word deur emosionele faktore as deur beroepstegniese vermoë. Die sprekenste kenmerk dus van die verstandelik- en emosioneel afwykendes is geleë in hulle maatskaplike wanaanpassinge en onproduktiewiteit.

Maar laat my dadelik daarop wys dat dit nie eenvoudig 'n saak is van konstitusionele aard of aanleg nie. In die wan-

aanpassinge is die begrip, deur die psigopatologie geskep, n.l. die psigiese verwerkingsproses, van besondere toepassing. 'n Tekortkoming, mislukking of sukses, veral wanneer dit herhaal word of in 'n gevoelige periode tref, kan 'n langdurige verwerkingsproses aan die gang sit met verreikende gevolge vir die persoonlikheid. B.v. 'n seun met rooi hare word deur sy maats bespot en ontwikkel 'n resentiment wat hom selfbewus laat voel en as bravado laat optree. Enige omstandigheid wat die maatskaplike omgang en aanpassing vir 'n sekere duur bemoeilik — of dit in die persoon self of in sy omgewing skuil — ondergaan 'n mate van verwerking en lei tot minder of meer geestelike onewewigtigheid. Neem maar die uitwerking van langdurige werkloosheid op jong manne, of die verwerking van 'n ongelukkige stief-ouer-situasie op 'n 10-jarige meisie, of die gevolge van huweliksmoeilikhede op die vervolgingsidees van 'n middeljarige vrou. Eers werklik ernstig word die verwerkingsproses van 'n sosiale situasie, wanneer dit die vorm aanneem van 'n konfliktproses, b.v. wanneer iemand verlei word tot dade wat bots met die eie gewete, — dan kan angs en skuldgevoelens ontstaan wat die normale slaap en die beroepsaktiwiteite belemmer, en selfs tot ander ernstige afwykinge voer .

Ons kom dus tot die slotsom: Geestelike onvolwaardigheid en onewewigtigheid voer tot maatskaplike afwykinge, en omgekeerd, maatskaplike waanaanpassing veroorsaak geestelike afwykinge. Die abnormale psigologie vind sy rykste gebied in die maatskaplik-wanaangepastes en die sosiale patologie weer moet kennis dra van die psigiese afwykings. Wedersyds vul hierdie twee mekaar dus pragtig aan.

Vir die gesondheidsleer en die behandeling van geestelike afwykinge is hierdie konklusie van groot betekenis. Dit bevestig dat die mens geestelik gesond kan wees, word en bly, slegs wanneer hy of sy gelukkig werksaam is, aangepas in die gesin, die gemeenskap en die verpersoonlikte Heelal. Selfs vir die subnormale moet werk en 'n plekkie gevind word in die maatskappy. By funksionele en neurotiese afwykinge sal die heelkundige moet analiseer tot hy die wanaanpassingsplek vind en dan moet hy sorg dat 'n nuwe of ander inlewing geskied in die werk, liefdesverhouding of waar die breekplek ook al was. Die belangrikste taak is om so 'n mens te laat besef dat hy of sy

veld wen, suksesse behaal en nie verniet lewe nie. Daarvoor bestaan reeds soveel metodes en benaderingswyses wat die ondersoeker en heelkundige met oorleg kan gebruik.

Waarskynlik het die gedagte by u al geryp dat hierdie samewerking tussen die abnormale psigologie en die maatskaplike wanaanpassinge 'n vrugbare studierigting op sigself vorm, maar dat dit niks te doen het met die normale psigologie aan die een kant en die werklike psigopatologie van geestessiektes aan die ander kant nie. Dit is inderdaad 'n duidelik onderskeibare studiegebied, maar die verband is belangrik: Hierdie uiteensetting sowel as my eie loopbaan begin nie verniet in die filosofie en eindig in die sosiale gestigte nie. Dit word my soms teen die hoof geslinger dat ek as ondersoeker van die afwykendes later geneigd is om alles as afwykend te sien. Maar die waarheid is net andersom, want waar die leek iemand reeds as mal verklaar, sal die vakkundige nog die sinvolle en doelgerigte in die pasiënt se gedrag raaksien. Die wetenskap probeer altyd om die afwykendes te verstaan en te verklaar in terme van die normales, want die normale is begryplik en nie die abnormale nie. Selfs die schizophrenie, die gevaarlikste sielsiekeproses, probeer ons nog begryp as analoog met ons normale slaapdronkenheid en droomtoestande, wanneer die hoëre bewyssynslae buite funksie is en primitiewere driftebeelde deurbreek. In die geval van sulke sware prosesse kan ons natuurlik slegs van analogieë praat, maar ligtere afwykinge soos die neuroses, volg wette wat aan die normale geesteslewe heeltemal eie is. Trouens, die konfliktverskynsels is meer eie aan die geesteslewe van die Faustiese mens as die leer van lang reekse sinlose lettergrepe, want sonder 'n diepgaande studie van konflikte en simboliese uitinge is die genie en die kuns haas onbegryplik. Op dieselfde wyse stem die veiligheidsdaadjies van die dwangneurose ooreen met die normale bygeloof en word op dieselfde wyse verklaar. Van die psigopatetipes hoef ek nie eers te sê dat hulle in terme van die normales benader word nie want die Kretschmerse tipologie is op psigopate opgebou. Ons merk dus dat die grensgevalle nie alleen in terme van die normale begryp en verklaar moet word nie, maar dat hulle selfs ons insigte in baie van die normale verskynsels verdiep. In die verband mag ek ook daarop wys dat die beroemde onderwys metodes van Montessori en Decroly ontwikkel is aan die hand van afwykende kinders. Die afwykinge toon ons die swak

skakels in die inlewingsprosesse en daarom moet dit eintlik die algemene probleemstellinge aanwys.

My redenering voer dus daarheen dat die abnormale psigologie 'n studie maak van geestelike afwykingsverskynsels soos hulle veral voorkom in die maatskaplike wanaanpassinge. Maar die abnormale psigologie verklaar in terme van die normale psigologie, net soos die sosiale patologie gebruik maak van normale sosiologiese insigte. Sowel die psigologie as die sosiologie moet die kennis van normale prosesse verskaf wat dan toegepas kan word in die afwykende toestande. Daarom is dit gebiedend noodsaaklik dat hierdie wetenskappe van die mens in hulle probleemstellinge ook sal kennis neem van die vernaamste wanaanpassinge. Veral die eksperimentele psigologie het tot dusver die belangrikheid van die sosiale aanpassinge en wanaanpassinge verwaarloos. Herhaaldelik was die sosiologie en die psigopatologie dus verplig om hulle eie psigologie te maak. Die noodsaaklike verband tussen die akademiese psigologie en die wetenskappe wat met sosiale probleme te doen het, is op die wyse jammerlik verswak. Daardeur het die psigologie sigself en hierdie verwante wetenskappe benadeel. Ons moet altyd onthou: Salomo sou nie sy groot wysheid aan die dag kon lê as hy hom nie verdiep het in die sosiaal-praktiese geskil van twee vroue nie.

Ek dank u vir die welwillende gehoor.